higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Tweede vraestel)

(9090165)

28 September 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

113Q2B2028

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Definieer elk van die volgende terme:

1.1.1 Ekshibisionistiese siektetoestand (ekshibisionisme)

1.1.2 Fetisjisme

1.1.3 Pedofilie

1.1.4 Nekrofilie

1.1.5 Kongenitale hipotireose (kretinisme)

1.1.6 Hidrokefalie

1.1.7 Hipochondrie

1.1.8 Somnambulisme

1.1.9 Amnesie

1.1.10 Psigosomatiese siektetoestand

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Morfien is 'n soort opiaat.

1.2.2 Kokaïen is 'n kalmeermiddel.

1.2.3 LSD is 'n hallusinogeen.

1.2.4 Homoseksualiteit is seksuele aangetrokkenheid tot die teenoorgestelde geslag.

1.2.5 Gedagtes of beelde wat nie wil verdwyn nie word obsessies genoem.

1.2.6 Ganser-sindroom word gekenmerk deur fobies.

1.2.7 Sadomasogisme word gekenmerk deur seksuele aangetrokkenheid tot diere.

1.2.8 Fobies kan met 'n tegniek behandel word wat as sistematiese desensitisering bekend staan.

Kopiereg voorbehou

1.2.9 Kloustrofobie is 'n vrees vir hoogtes.

1.2.10 Aragnofobie is 'n vrees vir spinnekoppe.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem SEWE voorbeelde van mediese voorraad wat in 'n praktyk in voorraad gehou moet word. (7)

2.2 Identifiseer AGT tekens dat alkoholgebruik dalk alkoholisme geword het. (8)

2.3 Verduidelik in VYF stappe hoe emosionele stres tot 'n asma-aanval kan lei. (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Gee SEWE motoriese simptome van konversie-afwykings (histerie). (7)

3.2 Noem AGT maniere waarop 'n mediese sekretaresse kan help om 'n praktyk veilig te hou. (8)

3.3 Noem VYF maniere waarop ouers of versorgers kan help voorkom dat kinders wat daardie risiko loop, as gevaarlike psigopate grootword. (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Gee SEWE voorbeelde van siektes met 'n psigosomatiese komponent. (7)

4.2 Noem AGT maniere waarop 'n wagkamer doeltreffend en aangenaam vir pasiënte bestuur kan word. (8)

4.3 Noem VYF voordele van professionele behandeling vir alkoholisme. (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Gee SEWE patologiese faktore wat met swaksinnigheid verband hou. (7)

5.2 Noem AGT goed wat in gedagte gehou moet word wanneer afsprake telefonies vir pasiënte gemaak word. (8)

5.3 Noem VYF maniere waarop toegang tot die internet en sosiale media voordelig kan wees vir iemand wat aan angs ly. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou